# Die toekoms van veeartsenykundige opleiding

*Deur prof Dietmar Holm, adjunkdekaan onderrig en leer, Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria (Onderstepoort-kampus)*

Veeartsenykundige opleiding in Suid-Afrika is in 'n goeie plek, met die Fakulteit Veeartsenykunde van die Universiteit van Pretoria wat sy internasionale posisie die afgelope paar jaar aansienlik verbeter het. Die fakulteit se studente-inname het aansienlik verhoog en tussen 180 en 190 veeartse en 50 tot 60 veeartsenykundige verpleegsters sal in die volgende paar jaar gradueer.

Die instel van verpligte gemeenskapsdiens hou talle voordele vir die veeartsenykundige beroep en die Suid-Afrikaanse bevolking in, aangesien veeartsenykundige gegradueerdes nou blootgestel word aan 'n werksomgewing wat baie van hulle andersins nie sou ondervind nie. Dit gee ook aan baie mense in minderbevoorregte gemeenskappe toegang tot veeartsenykundige dienste wat hulle nie voorheen geniet het nie.

Buiten hierdie ooglopende uitwerking, het dit ook 'n impak op veeartsenykundige onderrig, aangesien opleiding nou fokus op die spesifieke behoeftes van veeartse wat verpligte gemeenskapsdiens verrig. Dit maak veeartsenykundige onderrig meer relevant vir 'n groter deel van die Suid-Afrikaanse bevolking.

Aan die ander kant het die aansienlike toename in navorsingsuitsette van die Fakulteit Veeartsenykunde tot groter fokus op spesifieke gebiede van belang gelei, soos Afrika se wildlewe, en ander relevante aspekte wat deel van die onderrig-leerplan vorm.

## Nagraadse uitnemendheid

Nagraadse studies by die fakulteit gaan van krag tot krag, en groot opwinding heers oor die goedkeuring van ses nagraadse diplomas (PGDip) wat stukrag aan die bestaande nagraadse programme sal verleen. Die leerplan vir die nagraadse diploma sal gedeeltelik aanlyn beskikbaar wees om mense wat opleiding moet doen, maar nie noodwendig geld vir deurlopende studie in Suid-Afrika het nie, te akkommodeer.

Die nagraadse diploma in veeartsenykunde sal in die volgende fokusgebiede aangebied word: Veterinêre kliniese wetenskappe, staatsveeartsenykunde, laboratorium-dierewetenskap, dierewelsyn, produksiediere en algemene veeartsenykunde.

'n Voorbeeld van die fakulteit se uitnemendheid in nagraadse opleiding, is die aantal gegradueerdes wat die afgelope jare nagraadse grade verwerf het. Altesaam agt kandidate het PhD-grade by die universiteit se lente-gradeplegtigheid ontvang. Dit beteken 'n totaal van 20 PhD-grade vir 2017 (twaalf kandidate is by die herfs-gradeplegtigheid vereer), die hoogste getal PhD-grade nóg wat in een jaar by die fakulteit toegeken is.

## Veeartsenykundige verpleegkunde

Die onlangse goedkeuring van die drie jaar lange Baccalaureus-graad in veeartsenykundige verpleegkunde, voeg verdere waarde toe tot die programme wat in veeartsenykunde aangebied word, want dit bied aan veeartsenykundige verpleegsters die moontlikheid van nagraadse opleiding. Dié program sal in 2019 afskop.

Die proses om die diploma tot 'n voorgraadse graad op te gradeer, is 'n paar jaar gelede al begin. Die redes vir die besluit was onder andere dat die tweejaar diploma nie ruimte skep vir enige nagraadse studie nie en dat dit dus tot 'n akademiese doodloopstraat lei.

Die nuwe graad bied meer geleenthede op 'n nagraadse vlak en skep moontlikhede vir die ontwikkeling van toekomstige spesialisvelde in veeartsenykundige verpleging. Dit sal ook stukrag verleen aan die fakulteit se wêreldwye reputasie. Dit is nie net 'n positiewe ontwikkeling vir die fakulteit nie, maar ook vir veeartsenykundige verpleging as beroep – en inderdaad die hele veeartsenykundige span.

## Fokus op kliniese vaardighede

Kliniese uitnemendheid en kliniese opleiding is baie sterk fokuspunte vir die Fakulteit Veeartsenykunde, met sy wêreldklas Onderstepoort Veterinêre Akademiese Hospitaal wat 'n belangrike verwysingsentrum en opleidingsinstansie vir veeartsenykundige spesialiste is. Onlangse veranderinge in die veeartsenykundige leerplan, sluit 'n nuwe fokus op die opleiding en ontwikkeling van veeartsenykundige beroepslui se praktiese vaardighede in.

Die fakulteit is 'n internasionale sentrum van uitnemendheid in veeartsenykundige opleiding, met sy vaardigheidslaboratorium en ander opvoedkundige hulpbronne wat 'n waardevolle bron van navorsingsmoontlikhede in hierdie belangrike nuwe veld is. Die Onderstepoort-vaardigheidslaboratorium het reeds bewys dat hulle 'n voorloper in die veld van veeartsenykundig-gesimuleerde opleiding word en 'n leidende rol in veeartsenykundige opleiding in Afrika speel.

Die Fakulteit Veeartsenykunde by die Onderstepoort-kampus van die Universiteit van Pretoria leef sy missie – om 'n veeartsenykundige sentrum van uitnemendheid te word – ten volle uit. Daar word voortdurend gestreef na verbeterde opleiding, navorsingsuitsette en diensleweringsopsies binne die universiteit se visie om 'n navorsing-intensiewe en wêreldwye relevante instelling te word. VP

Vir meer inligting, skakel prof Dietmar Holm by 012 529 8437 of stuur 'n epos aan dietmar.holm@up.ac.za.